Ges. 12: 1, 2.
Ps. 25: 2, 4 (Ges 106: 1)
Ges. ~~...~~ 62: 6

Op Pad na Emmaus – en terug.

Luk. 24: 13–37.

Wit. 27 Apr. '41
Sm. d. K. Wit. 8 Junie
GRT. 30 Nov. 1941.
Lst. 42. Potch. Kerk 19 April 55
Jeugdiens

Luk. 24: 32 – En hulle sê vir mekaar: Was ons harte nie brandende in ons toe Hy met ons op die pad gepraat en vir ons die Skrifte uitgelê het nie?

Jare gelede, so word ons vertel, het rondtrekkende behoeftige veeboere van Tvl hulle tente opgeslaan & beeskrale gewaak op die plek waar vandag die groot goudmyne v.d. Rand staan – en g'neen van hulle het dit besef nie. Armoede & behoefte ly – terwyl net onder die oppervl. ontelbare rykdom verborge was – as hulle net die oë gehad het om te sien.

– So ly ons ook somtyds: armoede gebrek in ons eie harte, terwyl daar rykdom & oorvloed vir ons verborge lê net onder die opp. v. ons lewe – as ons net die oë het om te sien.

– So besoek ons ook somtyds die huis v. God: met 'n jammerl. ~~gestel~~ – armoede in ons harte ~~terwyl~~ wanneer die rykdom van die liefde en genade van God ~~uitgegiet~~ in al sy oorvloed oor ons uitgestort word ~~– as ons net die oë het om te sien.~~

– So ontmoet ons ook somtyds die Here op ~~die~~ lewenspad: met brandende behoeftes en angstige vrae in ons harte, terwyl ons nooit besef dat Hy saam met ons stap om ons hongerende harte te versadig – as ons net die oë het om Hom te sien! Pinkstertyd

→ So het ons na. d. ~~Hemelvaartfeet~~. 2 manne van Emmaus

Dit was die geval met hd. 2 manne van Emmaus. Hulle Xtus nie kan sien nie – nie se oë gehou was dat hulle Xtus nie kan sien nie – tot by die breking v.d. brood, toe ook die armoede van hulle harte verander is deur die rykdom van Sy samesyn met hulle. Ook ons het miskien ook al evens op reis iemand ontmoet met wie dit so 'n plesier was om kennis te maak en te gesels dat ons dit nog lank dikwels onthou het; so ja, dan sal ons iets kan verstaan v.d. vreugde wat geleef het in die harte v. die 2 manne toe hulle ná die ontmoeting kon sê: Was ons harte nie brandende in ons toe Hy met ons op die pad gepraat en vir ons die Skrifte uitgelê het nie?

2.

Dit is sulke ontmoetings wat Xtus met mense gehad het waarna ons moet kyk as ons Xtus wil leer ken soos Hy is. Hom vra ons u om v/o saam met ons die reis te onderneem van Jerusalem na Emmaus // Lukas deel ons mee dat die naam v.d. een Kleopas was nie hy laat die naam v.d. ander weg, miskien soos een Skrifuitlegger dit so raak uitgedruk het ~~sodat~~ ons ons eie naam in die oop plek kan invul. – Dit sal die moeite werd wees.

Ons weet waar die 2 manne vandaan kom – ons weet wat alles gebeur het die naweek in Jerusalem. En nou wil ons kyk na wat ons vind in die gebeurtenis. Ons sien:

I Die Gemis in hulle harte op pad v. Jerusalem

II Die Onverwagte Ontmoeting op die pad wat alles verander.

III Die Veelheid in hulle harte op hulle ~~pad terug~~ na Jerusalem

I. Die Gemis in hulle harte op pad v. Jerusalem:

Ons weet dat hd 2 manne alhier behoort het tot die breër dissipelkring v. Xtus. Toe Jesus nog geleef het, het hulle Hom gesien en leer ken in sy toesprake & optrede. Hom beskryf hulle Hom as „'n profeet, kragtig in werk en woord voor God en die hele volk". Hulle was deel v.d. stille in die land wat in hulle harte gesmag het na die verlossing v Israel. Deur Xtus se kragtige ontwerpsde optrede het ~~die~~ hulle die hoop & verwagting begin koester dat Hy die Verlosser v Isr. sou word, soos hulle self vertel: die Redder v.d. volk wat die juk v Rome sou afgooi en die nuwe grootse Joodse Ryk v.D. sou stig.

Hierom het hulle met dd. hoop en verwagting na Jer. opgegaan vir die Paasfees – soos baie ander Jode gedoen het. En nou kan ons baie goed begryp hoe Xt. se gevangeneming, verhoor & k/dood al hulle verwagtinge mees omvergegooi & hulle hoop verydel het. Daardeur is hulle toekoms verdonker, die laaste vlammetjie van lig uitgedoof – geestelik gebroke agtergelaat. En daarmee

3.

het hulle ondervind wat ons almal een of ander tyd moet ondervind – dat alle valse ideale & verwe verwagtinge of later hulleself breek teen die Kruis van Xtus.

So sien ons hulle op pad na Emmaus dd. Sondagmm.: hulle harte is bedruk, hulle gesigte is bedroef, hulle verstand is beneweld – [hulle hele houding is een van verslaenheid & teneergedruktheid: Xtus se dood het 'n ontsettende gemis in hulle harte gebring – 'n groot leegte geskep: die toekoms duister:– geen lig, geen hoop, geen verwagting!]

Toe Xtus weg – hulle sekerheid ook weg

~~Toe Xtus dood – hulle hoop ook dood~~

Toe Xtus se lewensvlam uitgedoof – die vonkie v verwagting in hulle harte ook gesterwe!

→ Twee manne op pad sonder Gids & Leier!

Geliefdes, a) Wêreld! – Presiese beeld v. wêr. v. vdag.

b) Is hd 2 Emm gangers op pad v Jerus. nie 'n baie getroue weergawe van so baie van ons Xtene se gesindheid ~~[illegible]~~ nie? Hoe baie van ons gaan nie vandag op ons lewenspad met harte-bedruk, gesigte-bedroef, verstand-beneweld? Is dit nie ook baiekeer ons stemming: dat ~~die toekoms~~ ons lewe baie donker is: sonder lig, sonder hoop, sonder verwagting? Aanleidinge:

Is dit nie miskien omdat ons, soos die Em. gangers, aan Xtus dink as die gekruisigde, die hulpelose, wat lê in sy graf en nie in staat om iets te doen nie? Of miskien omdat ons gemeen het dat Hy sekere dinge sou doen – en nou het ons bedroë uitgekom omdat ons ook valse ideale omtrent Hom gekoester het? En nou stap ons aan met dd. gemis in ons harte:

Op pad sonder Xtus!

[c) Kan ons nie baiekeer ook so na die Nagmaalstafel kom nie? (Rinkstein nie ?) Bedruk, bedroef, beneweld, ons lewe donker: sonder lig, hoop, verwagting? Hoekom? Is dit nie omdat ons niks van Xtus verwag nie? Dood, begrawe – Kan ons dan sien verwag]

Op pad sonder Xtus!

## II Die Onverwagse Ontmoeting op die Pad:

Hd. ontmoeting was nie 'n sensasiewekkende nie - geen
opspraak verwek nie. Skynbaar toevallig kom daar 'n vreemdeling
nader om saam met hulle te stap. Ek kan my goed
voorstel dat hulle baie swaar hulle ergernis verberg
het toe 'n vreemde man hom hier kom indring by
hulle waar hulle alleen wou wees om met 'n (ontslae van) hulle teleurstelling
stelling en ~~ontnugtering~~ te gesels / ~~G'n wonder~~ // Hulle eerste woorde
aan Hom het dan ook baie v.d. ergernis van hulle
gemoed in. // G'n wonder dat hulle sê geslurt was
dat hulle Hom nie kon ken nie: hulle ~~gedagtes~~ was so
vol van hulle eie gedagtes dat hulle vir niks anders
oog of oor gehad het nie.

Mr. langsamerhand, op 'n besondere taktvolle
~~manier~~, lok Xtus hulle uit om oor hulle kommer
& sorge te gesels; deur sy kragtige pers., sy simpatieke
handeling, sy vertr. optrede wen Hy hulle vertroue
en nie te lank nie of hulle deel al hulle laste &
moeilikhede met hom, sonder dat hulle eintlik
weet hoe hulle daartoe gekom het om m. die vreemd
te praat. Jesus open hulle hart ~~gemoed~~ - hulle vertel
Hom alles, wat hulle skeel het: en Jesus laat hulle uitpraat sonder om
self 'n woord te sê: al wat Hy doen is om te luister:
aandagtig, belangstellend, simpatiek, liefdevol // Wat
sou dit nie beteken om 'n druppel v.dd. kuns om
te luister v. Hom kan kry!

En as hulle klaar gepraat het. al hulle sorge &
teleurg. verwagtinge aan Hom blootgelê het - dan
begin Xtus praat. Ek sou wat wou gee as ek dd.
gesprek kon aangehoor het! Hy begin deur hulle
te bestraf: met liefde mr. ~~met mening~~ sonder te spaar vs 25, 26 // en dan
begin Hy die Skrifte uit te lê en te vertel v. Moses &
Josef, Dawid & Daniel, Elia & Jeremia: hoedat hulle
almal moes ly om d/deur verlossing & seën te verkry
vir hulle volk en hoedat ook die Xtus dieselfde weg van
lyding moes opgaan om verlossing vir die mens
te bewerk! (~~Kruisdood~~ Raaisel kruisdood verklaar)



Deur d. krag v sy pers., die helderheid v sy insig, die simpel
wyse van uitleg sy geld. woorde open Hy hulle verstand: sien alles in
sy verband, verstaan die onverstaanbare - onder die praat
word hulle harte warm - hulle verstand verlig: die
raaisel opgeklaar! Sodat hulle later kon sê: Was ons - -
// En as hulle by die huis aankom & Xtus verder wil
gaan [omdat Hy nêrens ongenooi ~~wil~~ wil ingaan nie]
nooi hulle Hom dringend om in te kom & saam te
eet: "Bly by ons, want dit is amper aand & die dag
het gedaal" En Hy het ingegaan & by hulle gebly!
~~[illegible]~~, Hy Mede-Xtene.

a) Ons dink aan die mens vandag op pad - met al sy
ellende & al sy nood - ook besig om te praat & te praat:
praat in koerante, praat oor die draadloos, praat in konferensiesale.
Is ons moeilikheid nie miskien juis dit dat
ons so vol is van ons eie dinge dat ons nie
ons het dat die vreemdeling ~~wil toelaat om~~ saam met stap nie? [Is ons
gedagtes nie ook soms so besig met ons eie dinge
& geskille oor sake dat ons [a] geskrif is om te sien
~~Xtus gemeenskap!~~ ~~wie dit is wat vir ons wil help nie~~? Is ons nie
miskien bang dat as Xtus begin praat & die Skrifte
begin uitlê Hy sy hand sal lê op die kankerplekke
in ons maats. ekon. pol. & sedel. lewe - pro. leme - nie? Is
dit nie miskien die rede waarom ons nie Gods wil
hoor nie, omdat ons dan gedwing sal word om
anders te dink & anders te lewe as wat ons
vandag doen!

b) Ook vir elkeen v ons ontmoet Xtus een of ander tyd
op ons lewenspad. Miskien sal ons ook a.d. begin
onwillig wees om Hom in ons geselskap in te laat:
net omdat ons nie besef: Hy wil ons eers laat praat,
al ons teleurstelling & verdriet & moeilikhede wil Hy
hoor & deel & dra. Hy wil hê dat ons ons harte
moet uitpraat - alles - en niks moet terughou nie!
Hy wil luister: aandagtig, belangs., liefdevol! En dan
eers as ons klaar gepraat het, begin Hy praat!
So praat Hy met ons:

Stadig

- Op die pad van beproewing: siekte, dood
- " " " " versoeking: moeilike keuses
- " " " " lyding: pyn & smart
- " " " " ons geloofstryd: om staande te bly
- " " " " ~~Sy lydensweg~~: om ons harte brandende te maak!
  ~~Sy Kruisdood~~
  Sy ~~Hemel~~ gemeenskap met Hom: kerk & Huis!

~~Predikster: Het ons geluister?~~

Hy praat na ons behoefte, Hy kies die Skrif wat ons nodig het om ons lig in die duister te gee.
~~wil verklaar: deur lyding tot heerlikheid~~
~~Hy las ons saaklik in ons op.~~ vermed. & verhaging
→ ~~Wil ons luister?~~ →
in as Xtus praat, en ons luister, dan word ook ons harte brandende in ons & ons wil meer hoor.

Ons nooi Hom in: want ongenooi sal Hy, die Beskeidene, nie inkom – ons nooi Hom in om by ons te bly, om saam met Hom te kies – ons het Hom waarlik ontmoet! ~~te word aan Nagmaal~~
→ ~~So kan Hy vanmôre ons ingenooi~~
wet ons al wat dit beteken om te kan sê:
Was ons harte nie brandende in ons toe Hy met ons op die pad gepraat en vir ons die Skrifte uitgelê het nie?

III Die Volheid in hulle harte op d. Terugreis na Jerus.:

① Ons lees hulle het Xt. uitgenooi om saam met hulle te bly. „En toe Hy met hulle aan tafel was neem Hy die brood & dank; en Hy breek dit & gee dit aan hulle". So kry ons Hom as die ~~gas~~ heer aan die tafel, besig om die brood te breek nadat Hy gedank het –

② Toe gaan hulle oë oop en hulle herken Hom"
Watter wonderl. gewaarwording moes dit nie gewees het nie – om Xtus te sien nie meer ~~as die~~ in die kleed van Vreemdeling – nie i.d. gewaad v. Verheerliking
Nie meer as d. Gekruisigde – nie as d. Gekroonde!
" " " Dooie " " " Lewende!



③ En nou lees ons die merkw. slot v.d. gebeurtenis:
„Daarop staan hulle op in dies. uur & gaan terug na Jerusalem!"

– Terug op dies. pad ~~as die~~ waarlangs hulle gekom het – en tog nie dieselfde nie!
– Dieselfde pad ja – nie nie dies. mense nie! Want hoe anders hulle gesindheid!
– Waar hulle gekom het van Jerus. met teleurgestelde harte, daar terug met opgewondenheid & blydskap!

- Op pad v. Jerus. bedruk & bedroef } oë gesluit –
- Op pad terug na – blym. & besield } oë geopen!
- ~~Op pad van Jerus. verdwaal & verslae~~
- ~~" " terug na – verlos & veilig~~

Hom ook dat hulle niks afvan maak om die lang entpad v. 8 myl haastig af te lê nie, omdat hulle gaan op pad na hulle broers om die blye boodskap te bring:
Hy het waarlik opgestaan – Ons het Hom gesien!

Geliefdes, ~~Het ons ons Meester al so gesien~~?
Wat met die Em. gangers gebeur het, gebeur vandag nog altyd. Hoeveel van ons is nie Em. gangers van 1941 besig om aan te stap op die l/pad met die gewis & twyfel in ons harte omdat ons Xtus nog nie ontmoet het nie! Oë gesluit!
– En baie duid. sien ons hier dat ons lewens so bly totdat ons Xtus ontmoet! Ons tevrede hy langs ons kom stap begin ons die wêreld te verstaan, onsself te verstaan, : sin & betekenis agter dinge sien. En as dit ons sover gekom het wil ons Xt. nie laat gaan nie – nooi Hom in: bly.

Eindddel v ons lewes: om Hom te vind. Hy
– besighede, pol., boerdery, vergaderings ens.
Kom in: huise, harte; breek brood, dank
v seën – om Homself bekend te maak. Open oë. Hy
vul die leegte, ~~neem die gewoe weg~~, gee die
volheid & vreugde in ons lewe v elke dag –
uitgaan, teruggaan ~~van~~ op selfde l/pad
om ander te gaan vertel! –
Die lewe sal nie verander: l/pad bly dieselfde –
maaltyde, sorge ens. → nr bid om gesp. oë
~~nr~~ met watter ander
gesindheid bewandel ons dit nie as ons meet:
Ek is met Hom op d. L/pad!